



Koninkrykstyjd

"EK IS JOSEF..."

tema: **Vriend van God**
teks: **Genesis 45:1-15**



‘n Goed geleefde lewe is tog sekerlik die groot droom van meeste mense. En dit hou verband met ‘n klomp dinge soos sukses, gesonde verhoudings, ‘n gesonde selfbeeld en sekuriteit. Ek dink enige iemand wat ernstig is oor hul volgelingskap van Jesus sal ook jy erken dat dit gaan oor die diepte van hierdie roetes en hoe dit ons oë en harte oopmaak vir ons naaste.

Ons fokus vandag op die tweede gedeelte van Josef se lewe kyk - 'n verhaal wat amper te goed is om waar te wees. Soos Mark Twain opmerk: “Die waarheid is vreemder as fiksie, want fiksie moet sin maak!”

Josef het soos sy voorvader Abraham verstaan wat dit beteken om in verhouding met God te leef. Abraham word in Genesis beskryf as **God se vriend** - 'n titel wat net so gepas is by Josef. Die woord **vriend** is betekenisvol in die konteks van die Woord, want dit is ook die woord wat Jesus later gebruik om sy verhouding

met sy dissipels te beskryf (Joh 15). In die kultuur waarin ons grootword, word daar baie klem gelê op ‘n gesonde selfbeeld sodat ons heel en goeie lewens kan lei. En in hierdie proses hoor gereeld die term identiteitskrisis – ‘n sleutelwoord wat handel oor ons selfverstaan: Wie is ek en wat beteken dit om ek te wees?

Dit is natuurlik baie belangrike vrae. Maar ek wil die taal van opvoeders en sielkundiges aanvul met 'n eenvoudige, omvattende benaming; om dalk die antwoord “vriend van God” te oorweeg en die goeie nuus wat in hierdie drie woorde opgesluit is, ernstig op te neem. Omdat Josef homself gesien het as God se vriend, kon hy sy broers nader roep waar meeste hul sou wegstoot. Sy storie van vergifnis raak 'n voorloper van die storie van Jesus wat aankondig: "Die pyn stop hier...by my".

Om ‘n **vriend** te wees is natuurlik die teenoorgestelde van om ‘n vyand te wees! Hy het so naby God geleef dat hy (amper) sonder vrees of agterdog geleef het teenoor God, bedoelende, Josef het geweet **God is vir hom**, nie teen hom nie, al het alles rondom hom gewys die lewe is teen hom!

Die dominante gevoel in die kultuur waar Josef grootgeword het was dat die gode baie onvriendelik is en meeste van die tyd kwaad is vir mense. Elke geloof het ‘n hele priesterdom gehad wat dag en nag aan die werk was om die gode gelukkig te hou. En as die gode *tantrums*

gooi (natuurrampe, ens), moes hul die gode paai en help afkoel van hul woede.

Daar het nie baie verander in 4000 jaar nie. In ons tyd is die gode gesekulariseerd, maar die primêre gevoel by meeste mense in ons land is angs, skuld en wanhoop. Ons is maar net so op ons hoede oor dit wat ons nie kan beheer nie – magte, en kragte en siekte en oorlog... In ons moderne wêreld en Ou Ooste is en was daar maar baie **vrees** – en dit word aangeblaas vanuit neurotiese en manipulerende godsdienste of 'n verstaan van God as ons vyand. Daar is baie dinge om voor bang te wees in hierdie wereld – die Here weet! *Maar God is nie een van hulle nie.* Daarom het ons nodig om 'n Josef-verbeelding te ontwikkel...

Die naam van God kom min voor in hierdie storie, maar waar dit voorkom is dit geweldig betekenisvol en wys dit met watter diep bewussyn van God se teenwoordigheid Josef geleef het:

Genesis 39:21 – *“Terwyl Josef in die tronk was, was die Here by hom... en God het Josef sy troue liefde/genade (Hebreeus: gesed) laat ondervind”.* Ons vind hierdie woord **gesed** ook in Psalm 23:6 *“U goedheid en onverdiende genade/liefde sal my lewe lank by my bly...”* Dit is wat Josef gevorm het: God se **gesed**; sy genadevolle liefde en vriendskap. **Lang storie kort:** Op die ou end gebeur die mees onwaarskynlike: raak Josef die tweede in bevel in Egipte en moet sorg dat daar genoeg kos is vir die hongersnood wat voorlê.

Vanaf Gen 42-44 lees ons hoe sy broers by hom aankom vir graan. Hul herken hom nie en hy begin met hul 'speletjies' speel. Op die ou end kon hy homself nie langer bedwing nie (Gen 45), hy begin so hard huil dat almal in die paleis hom kon hoor en hy sê wie hy regtig is: *“Ek is Josef! Leef pa werklik nog?”*

Dink net aan die see van emosies wat hul hier ervaar het. Ook die skuldgevoelens wat hy kon sien in hul oë. En wat doen hy? As *vriend van God*, bewys hy genade... Terwyl hul bewend daar staan sê hy **“Kom nader...”** Die Hebreeuse woord hiervoor is **nahgash** wat nie net handel oor fisies naby wees nie, maar intiem naby, *ek-wil-weer-in-vriendskap-met-jul-leef-naby.*

“Maar moenie bang wees nie, want God...” Hierdie woorde van Josef verander alles. Geen mens wat dit sê kan dit sê sonder dat daar vergifnis plaasgevind het nie. En onder al die emosies waarvan ons hier lees, is iets baie dieper wat ons moet raaksien: v 5 – Josef erken dat God die sleutelfiguur in die storie is; nie hy nie! God het uit die slegte die goeie na vore gebring. Sleutelwoord is **gestuur**: om te weet dat waar ek my bevind, verteenwoordig ek meer as net myself, my lewe is 'n teken van God se vriendskap...

- v7: God het my voor julle **uitgestuur**
- v8: Nie julle nie, maar God het my **gestuur**.

Wat die verhouding herstel, is nie berou nie. Dit is Josef se insig dat die kwaad wat ander my aandoen, deur God onderskep/herskep word en uit dit word iets nuuts gebore. *Daar is min dinge so kragtig soos om iemand te vergewe voordat hul skuld erken het nie.* Dit is ook die pad wat Jesus gestap het. Dalk gepas dat Jesus die laaste woord het oor vriendskap. In Joh 15 sê Hy: *“Ek noem julle vriende en nie ondergeskiktes nie... Gaan maak hierdie vriendskap aan die wêreld bekend!”* Josef word weer 'n broer vir sy broers... Josef kondig met hierdie handeling aan: *“Die pyn stop hier...”*; die wraak, en wrokke en bitterheid stop hier.

In 'n vyandige wêreld lyk die tipe vriendskap waartoe God ons roep dalk soos goedhartigheid(kindness) wat Alexander Schmemmann so treffend beskryf: *“A kind person; a virtuous person. Between the two, there is a big difference. A kind person is kind because he or she accepts people as they are, covers them with kindness. Kindness is beautiful, the most beautiful thing on this earth. Virtuous people are activists, obsessed with the desire to impose their principles and goodness and easily condemning, destroying, hating. . . In this world there is a lot of virtue, and so little kindness.”*

Ek weet nie wat jou idee van 'n goed geleefde lewe is nie. Dalk beteken dit om soos Josef onself te begin sien as God se vriend: **“Kom nader... Jy word gestuur...om nader te beweeg waar jy eintlik wil wegbeweeg...”** Vriendskap begin hier by my.